☎ (012) 661–0590 / 2341
1 Ashfordstraat Midstream Estate
college@midstreamcollege.co.za
✉ 8 Midstream Estate 1692
www.midstreamcollege.co.za

**BEPALINGS EN VOORWAARDES VIR TOELATING**

1. Die Bepalings en Voorwaardes van Midstream College word aanvaar deur die aanlynvorm te voltooi en moet saam met die voltooide aansoekvorm elektronies opgelaai word.
2. Alle aansoeke sal oorweeg word.
3. Ouers/voogde moet die skool van alle inligting rakende die leerder se spesiale behoeftes voorsien.
4. Leerders wat meer as twee jaar ouer is as die gemiddelde ouderdom van die graad waarvoor aansoek gedoen word, sal nie toegelaat word nie.
5. Die registrasiegeld van R500 is betaalbaar wanneer aansoek gedoen word om toelating. Hierdie geld dek administratiewe uitgawes en is nie terugbetaalbaar nie.
6. Deur die aanlyn toelatingsvorm in te vul veronderstel dat ouers / voogde bewus is
    a. van die Christelike aard van hierdie skool en instem dat die betrokke leerder hierby sal inskakel en saalbyeenkomste sal bywoon.
    b. dat Midstream College ‘n parallelmedium skool is en dat alle vakke (uitgesonderd Engels) deur die medium van Afrikaans onderrig sal word.
    c. dat die gedragskode van Midstream College aanvaar en onderskryf word.
    d. dat alle leerders by ten minste een somer- en een wintersport, wat deur Midstream College aangebied word, betrokke moet wees.
    e. wanneer ‘n kind ingeskryf word, word elke ouer of voog verbind om hulle te onderwerp aan die besluite van die hoof rakende die skoolorgansisasie en -dissipline.
    f. dat alle klagtes of vertoë in verband met enige aangeleentheid rakende reëls, regulasies, doelstellings, beleid of prosedures, of die toepassing daarvan, aan die Skoolhoof gerig word.
    g. dat daar van leerders verwag word om alle amptelike skooldae by te woon, insluitende kampe, spesiale dae en aande wat deur die skool as verpligtend beskou word.
    h. Ek/ons gee toestemming dat foto's van my kind geneem kan word en vir publikasiedoeleindes gebruik kan word (insluitend maar nie beperk tot gedrukte, digitale en sosiale media).
    i. Ek/ons verstaan dat persoonlike inligting van ouers en leerders in digitale en/of afskrifformaat bewaar word, en dat hierdie inligting verwerk kan word om spesifieke en wettige redes wat verband hou met die funksies of aktiwiteite van die skool. Ouers en leerders het die reg op toegang tot persoonlike inligting wat aangevra is, en hulle het die reg om te versoek dat hierdie inligting reggestel word.
    j. Daar word toestemming gegee dat persoonlike inligting vir 'n tydperk bewaar kan word, soos nodig geag deur die skool en vir kommunikasie-, reklame-, bemarkings-, historiese, statistiese of navorsingsdoeleindes gebruik kan word.
    k. Toestemming word verleen om direkte bemarking van skoolverwante goedere en dienste te ontvang deur middel van elektroniese kommunikasie, insluitend maar nie beperk nie tot e-posse, SMS’e en WhatsApp-boodskappe.